

Sing vooraf staande: Psalm 18:12 (p. 75)

- 12 Barmhartig, vol van derenis, is U vir wie barmhartig is;
en wie opreg is, U sal hom / ook met opregtheid teëkom.
By hul wat reinheid rein bemin, / hou U, die Heil'ge, U ook rein;
maar vir wie leef in valse skyn, / is U ook self verkeerd van sin.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 36:3 (p. 179)

- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met
Psalm 25:2 (p. 115)*

Wet

Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 47:1 (240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!

Skriflesing: Openbaring 3

Teks: Openbaring 3:1c

Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood.
(Openbaring 3:1c AFR53)

Het u al daaraan gedink dat die Here vir ons gemeente, of dalk vir my of vir u, so 'n
getuigskrif soos hierdie kan gee? 'n Getuigskrif sonder 'n enkele aanprysing daarin nie?

Let op die volgende sake:

1. Die beeld wat Sardis voorgehou het
2. Die beeld wat die Here van Sardis het
3. Die fout wat die gemeente begaan het
4. Toepassing

1. Die beeld wat Sardis voorgehou het

Dink u nou mooi in die werklikheid van die gemeente van Sardis in.

- Hulle het in 'n wonderlike en ryk stad gebly.
- Hulle was 'n voortreflike gemeente, want by hulle was geen dwaalleer soos by die ander gemeentes nie – hulle het nie Nikolaïete gehad wat deur die Here gehaat is nie, en hulle het ook nie profetesse soos Isébel van Thiatíre gehad nie.
- Hulle het ook by al die ander gemeentes die naam gehad dat hulle 'n pragtige en vooruitstrewende gemeente is.
 - Dit beteken dat hulle kerkraad pragtige werk gedoen het, en so ook hulle diakens.
 - Die kerkraad moes getrou gewees het in hulle huisbesoek en in die handhawing van die tug.

Die lidmate was beslis baie pligsgetrou, en hulle het presies geweet wat in hulle kerk aangaan, daarom het hulle nie agter dwaalleraars aangeloop nie.

- Dit beteken net dat die lidmate hulle Bybel goed moes geken het en geweet het wat die belydenis van die kerk is,
- want dis waarom hulle nie gevang geraak het in dwaalleer nie.

Hierdie dinge was ongetwyfeld so, want die Here sê self: Julle het die naam dat julle leef!

- Met ander woorde al die ander gemeentes het so gedink!
- Die gemeente van Sardis het dus ongetwyfeld die indruk gewek dat die dinge in hulle kerk agtermekaar is.

Kom ons gaan kyk na die geskiedenis en die toestand van die mense van Sardis – nie net die gemeente nie, die hele gemeenskap.

- Daardie stad is in die loop van die ou geskiedenis twee keer deur 'n verrassingsaanval ingeneem.
- Nie een van die kere was dit groot veldslae nie. Die stad is elke keer ingeneem omdat die inwoners van Sardis nie waaksaam genoeg was nie.
- Hulle het swak militêre dissipline geopenbaar. Dink net hoe belaglik is dit as jy 'n weermag het, maar jou land word ingeneem sonder dat jy eers geweet het dat jy aangeval word.

Dit was die tipiese karaktertrek van die Sardiërs: nalatigheid.

Hulle het presies dieselfde karaktertrek ook in hulle kerk geopenbaar.

- Hulle was nie verdruk deur die Jode soos die gemeente van Smirna nie.
- Hulle was ook nie deur die heidene vervolgd soos die gemeente van Pérgamus nie.
- Hulle het ook nie die innerlike verderf beleef soos byvoorbeeld Thiatíre wat met kettters moes worstel nie.

Alles was ideaal – maar tog het hulle gesterf terwyl dit gelyk het asof hulle lewe.

2. Die beeld wat die Here van Sardis het

Dan tref hierdie skok hulle meteens. Die Here self het die skyn van die gemeente afgedop.

- Dit het so gebeur: Daar het 'n boodskapper by die gemeente aangekom met 'n brief wat deur die apostel Johannes geskryf is.
- Hulle almal het Johannes geken, want hy was die predikant van Éfese, wat op daardie stadium in ballingskap weggevoer is na die eiland Patmos toe.

Nou moet u mooi dink wat het gebeur! Die nuus van die brief het vinnig deur die gemeente versprei.

- Sondag is almal kerk toe, want hulle het die gebruik gehad om die briewe van die apostels onder die erediens voor te lees.
- Die hele gemeente is daar, want hierdie posstuk is belangrik.
- Daar is ook spanning, want hulle wil weet wat van hulle gesê gaan word.

Dan die verskriklike skok. Dis nie Johannes wat die brief geskryf het nie.

- Dis die Here wat laat weet dat Hy presies weet wat in elke kerk aangaan.
- Hy het toe vir die gemeente van Sardis geen goeie woord nie.
- Ja, skryf die Here, Ek weet die ander gemeentes dink julle is voortreflik, maar Ek weet julle is dood.

3. Die fout wat die gemeente begaan het

Wat was die fout?

- Daardie gemeente het ontaard in 'n naamchristendom. Daarom skryf die Here sy brief aan hulle in ons Bybel neer!
- Wees gewaarsku dat 'n gemeente 'n skyn van lewe kan opbou, terwyl hy in sy wese heeltemal dood is.

Die skyn kan baie sterk wees, want die hele kerkverband kon niks verkeerds aan daardie gemeente agterkom nie.

- Nou begin mens wonder wat 'n gemeente dan moet doen dat hy deur die Here as lewend beskou moet word.
- Die gemeente van Sardis het alles denkbaar gedoen, en hulle het dit ook goed gedoen.

Die antwoord is dat dit nie oor die uiterlike gaan nie, maar oor die innerlike.

- 'n Gemeente lewe eers werklik wanneer hy die skitterende lig van God se Heilige Gees se werking uitstraal –
- wanneer dit duidelik is dat elke lidmaat 'n werktuig van die Here geword het, en hulle die gawes van Christus se soendood waardeer en benut.

Kom ons stel dit meer prakties: Eers wanneer 'n gemeente waarlik daaglikse bekering openbaar en beleef, is dit 'n bewys dat daar nie dood in daardie gemeente is nie. So 'n gemeente lewe.

- Aan die begin van die Here se brief aan die kerk van Sardis kon die Here niks goeds sê nie.
- Later sê die Here wel dat almal in Sardis se gemeente nie verlore is nie.
- Daar is nog ware gelowiges in die gemeente wat in lewende Godsvrug wandel – hulle het hulle rein gehou van die besmettinge van die wêreld.

4. Toepassing

Hoe sien die Here ons gemeente? As ons na die sigbare dinge kyk, dan lyk dit asof ons kerk nog lewe.

- Ons is maar min, maar elke diens is hier 'n redelike aantal van ons wat saam kom aanbid.
- Die kerkraad doen gereeld huisbesoek – soos die gemeente van Sardis.

Die groot vraag is egter of alles so goed gaan as wat dit kan gaan?

- Sardis se probleem was dat hulle geen selfkennis gehad het nie. Die werklikheid het by hulle verbygegaan, want hulle het nie diep genoeg oor hulle beginsels gedink, en hoe 'n mens wat die Here werklik ken, behoort te lewe nie.
- Daarom het hulle na buitekant toe alles gedoen wat gedoen moes word, maar na die binnekant toe, was daar geen wesenlike bekering nie.

Hierdie soort ding kom dikwels by gelowiges voor.

- Ons moet in ons geloofsluwe altyd die volgende onthou: Mens redeneer nie van die sonde af na God toe nie.
- Jy redeneer van God af na die sonde toe. Dit beteken dat jy nie die sonde as vertrekpunt kan neem, en dan wil gaan kyk hoe jy daarmee by die Here kan wegkom nie.

Jy moet by God begin: Sy heiligheid stel jou voor sekere eise.

- In hierdie eise is daar dinge wat jy moet doen en weer ander dinge wat jy nie mag doen nie.
- Die wat jy nie mag doen nie, is sonde.
- Omdat God dus uitspraak lewer oor dinge wat nie reg is nie, bly ons uit liefde vir God en in gehoorsaamheid aan Hom daarvan af weg.

Stel jou mikpunt om na die heiligheid van God toe te lewe.

Sardis het seker die mees onaangename oomblikke van hulle bestaan deurgemaak toe hulle na hierdie brief gesit en luister het. Maar wat kon hulle doen?

- Die beslissende oordeel en kennis is by die Here, en Hy weet wat reg en verkeerd is. Ons weet almal dat daar 'n sekere mate van ooreenstemming is tussen die gemeentelide van Sardis en onself.
- Daarom moet ons die hoop wat die Here vir ons gee en die liefde wat God vir ons het in hierdie brief raaksien.

As die Here gedink het dat daar geen hoop was vir 'n gemeente wat veruitwendig was nie, sou Hy beslis nie sy tyd gemors het om hierdie brief vir hulle te skryf nie.

- Wat die hoop nog groter maak, is die feit dat die Here vir hulle skryf dat hulle moet wakker wees.
- Hulle moet die wat **op die punt staan om te sterf** versterk.
- Daar moet dus vinnig en beslissend 'n verandering in die gemeente plaasvind. Redding is moontlik.

Die hele brief aan die gemeente van Sardis het saamgetrek in die woorde: **want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.**

- As mens die Grieks letterlik sou vertaal, staan daar: **want Ek het jou werke nie vervul gevind in die teenwoordigheid van God nie.**

- Dis waarom dit gaan. Dit help nie dat jy hier op die aarde baie voortreflikhede het nie. Hierdie voortreflikhede van jou moet die hemel bereik!
- Hulle moet dus die tyd kan oorleef – maar meer nog, hulle moet ook die toets van egtheid kan oorleef.
- As jou werke nie daardeur gekenmerk word nie, is jou werke nie werklik doeltreffend nie.

'n Gemeente op die aarde se lewe moet dus weerklank vind tot in die hemel. Nou sal u wonder: Het hulle dan nie eredienste gehou en alles gedoen wat 'n kerk behoort te doen nie?

- Ja hulle het, maar op so 'n manier dat dit nooit by die Here uitgekóm het nie.
- Die kontak tussen die gemeente en die Here is verbreek deur die lidmate – hulle was geloofsdood.
- Dít terwyl mens uiterlik niks kon agterkom nie.

Die Here preek in hierdie brief baie genade. Daar is tyd om tot bekering te kom.

- Het ons dalk lidmate wat uiterlik saamdoen met die geloofsluwe, maar innerlik het hulle geen opregte behoefte om met God om te gaan nie?
- U weet, ons het geen rede om te sukkel met die geloof nie, want ons Here Jesus het juis gesterf sodat ons 'n lewende kerk kan wees.

Dis juis die uitverkorenes deur die eeue se geloofsdoodsheid wat veroorsaak het dat die Here Jesus aan die kruis moes hang.

- Deur sy dood is die Heilige Gees oor die kerk uitgestort, wat die lewende geloof in ons bewerk. Jesus het dus met krag die dood oor ons weggebreek, en lewe aan ons geskenk.
- Toe die Here Jesus uit die dood opgestaan het, het die wat geestelik dood was, gesidder – dié op die aarde en dié in die hel.

Onthou nou dat dit hierdie selfde Jesus is wat die brief aan Sardis geskryf het.

- Sy oproep aan elke kerk is klokkelder: Laat julle geloof lewendig bly soos wat dit was toe julle dit van die Here ontvang het.
- Hierdie God van lewe kom weer, en dan gaan Hy oordeel oor die wat doodgegaan het in hulle geloof.
- Die Bybel sê dat elke oog Hom gaan sien as Hy gaan kom om hierdie daad te voltrek. Ook ons en Sardis!

Ons is besig om te begin voorberei vir Nagmaal. Elke ware gelowige maak dit in elk geval sy saak om in sulke tyd sy verhouding met God op te knap:

- Hy dink oor sy sondes, en oor sy nalatigheid.
- Maar hy dink ook positief oor alles wat hy kan doen om sy geloof beter uit te leef, en ook wat hy kan doen om die Here beter te aanbid en te eer.

Die genade van die Here is dat Hy almal van ons steeds laat bestaan om Hom te aanbid en te eer.

- Laat ons dan die genade van God ryklik gebruik en sorg dat ons 'n gemeente is wat lewe in sy geloof.
- Laat ons enersyds ons verootmoedig waar ons sondig.
- Maar laat ons aan die ander kant, in alles wat ons doen, ons geloof kragtig ontplooi.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 68:2 (p. 331)

- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 29 Julie 2012